

Job 42:3: Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie.

Na aanvanklike geloofskrag het siekte en teëspoed Job tog baie seergemaak. Maar al het sy vriende daarop aangedring dat hy moet erken dat hy gesondig het en dat God hom tugtig – het hy daarby gestaan dat hy regverdig is. Hy het God nie vervloek soos Satan gesê het nie, maar hy het baie hoe-kom vrae gevra en selfs sy geboortedag vervloek. Uiteindelik - na 'n lang geestesworsteling - kom hy tot insig. Sonder dat God ooit op sy vrae geantwoord het, sonder dat God op sy argumente gereageer het, kom hy tot insig.

Toe Job God se werke in twyfel getrek het, het God sy gedagtes weggetrek van die advies van sy vriende en hulle redenasies en Hom op die grootheid van sy Skepping gewys. Hom baie dinge laat sien: die kragte van die natuur, die getrouheid in

natuurwette, die fyn harmonie in die skepping - en die onvermoë van die mens om dit te kan nadoen. En dan God se vraag: Kan jy dit doen, Job?

As jou omstandighede jou laat wonder of God nog beheer oor sy wêreld het, gaan kyk na die “algemene openbaring” in die natuur en vra vir jouself die vraag: As God in beheer van al hierdie dinge is, hoe kan Hy nie beheer oor my omstandighede hê nie. As God wil dat ek Hom verheerlik deur genesing, dan doen ek dit met oorgawe want Hy weet wat Hy doen. As God wil dat ek Hom verheerlik deur my volharding in beproewing, dan doen ek dit ook met geloof en blydskap. Hy weet wat Hy doen en wat Hy in my wil bereik.

Verheerlik God in jou beproewing



Publikasie
Publication



Nr./No.: H33

